COVID-19-toetsing

Aangesien ons tans die derde vlaag van die koronavirus-epidemie beleef, en met die voorkoms van die hoogs aansteeklike Delta-variant, is dit baie belangrik om op die volgende oor toetsing te let.

Toetsing in die openbare sektor sal tot die volgende beperk word:

1. Mense wat simptome van die koronavirus toon EN wat die risiko van ernstige siekte loop. Dit sluit in:
   - Mense ouer as 45
   - Mense van enige ouderdom wat aan een of meer van die volgende onderliggende toestande ly: Diabetes, hoëbloeddruk, hartsiekte, longsiekte, niersiekte, kanker, tuberkulose en HIV.

2. Vooraftoetsing van asimptomatiese pasiënte wat operasies moet ondergaan (moet drie dae of minder voor hul operasie getoets word).

Privaat laboratoriums sal slegs mense met simptome toets indien hulle deur ’n dokter verwys is.

Die toetsing van asimptomatiese mense by privaat laboratoriums is beperk tot diegene wat in ’n hospitaal opgeneem moet word en mense wat moet reis.

Let asb daarop dat hierdie kriteria onderworpe is aan verandering namate die situasie verander.

**Indien jy siek voel en veral verkoue-, griep of sinus-simptome toon, sonder jouself asb onmiddellik af en tree met die Kampusgesondheidsdiens of jou algemene praktisyn in verbinding.**

1 Julie 2021